AFRIKAANS

TAIZÉ

***Madrid***

2018 12 28 – 2019 01 01

# VOORSTELLE 2019

## *Laat ons nie van Gasvryheid vergeet nie!*

*Moenie nalaat om gasvry te wees nie, want deur gasvry te wees, het sommige mense sonder dat hulle dit geweet het, engele as gaste gehuisves.* - Hebreërs 13:2

Die pelgrimstog van vertroue het ‘n aantal dekades gelede in Taizé begin. Hierdie pelgrimstog is ’n ononderbroke reeks byeenkomste van jong volwassenes wat vandag steeds op al die vastelande voortduur.

By elkeen van hierdie samekomste is een van die mees onvergeetlike ervarings altyd die gasvryheid – en dít geld vir beide die jong deelnemers as vir hulle wat hul huise vir die deelnemers oopstel.

In Augustus 2018 kon ons weer die waarde van gasvryheid in Hong Kong ervaar. Dit was by ‘n pelgrimsbyeenkoms van jong volwassenes wat van regoor Asië en elders gekom het, ook van lande waar konflik was en waar die wonde van die geskiedenis steeds uitroep om heling.

Sewehonderd deelnemers het van verskillende provinsies uit Sjina gekom. Die teenwoordigheid van jongmense van soveel lande, asook die verwelkoming wat hulle by families in Hong Kong ontvang het, was ’n teken van hoop.

Jong Christene in Asië is dikwels klein minderheidsgroepe in snel-veranderende samelewings. Hulle word deur hul geloof in Christus versterk, asook deur hul leefwyse as susters en broers in die Kerk.

Sedert die Europese byeenkoms in Madrid, sal ons regdeur 2019 in Taizé, Beirut, Kaapstad en elders, dieper nadink oor verskeie aspekte van gasvryheid.

Die volgende voorstelle is gewortel in geloof. Hulle nooi Christene om die bron van gasvryheid in God te ontdek. Dit lei daartoe dat ons die beeld wat ons van God het, ondersoek. God sluit nooit uit nie, maar verwelkom elke persoon.

Ek en my broers merk dat die belewing van gasvryheid nie net Christene van verskillende kerkgenootskappe nie, maar ook gelowiges van ander godsdienste en nie-gelowiges betrek.

Sal ons die moed hê om gasvry te leef, te midde van huidige probleme, terwyl wantroue skynbaar toeneem, en om sodoende mee te werk om vertroue te laat groei?

Geteken: Broer Alois

EERSTE VOORSTEL

## ONTDEK DIE BRON VAN GASVRYHEID IN GOD

Van die begin van die heelal af is God op misterieuse wyse aan die werk. Hierdie oortuiging lê aan die hart van die poëtiese skeppingsverhale in die begin van die Bybel. God bedink wat hy skep en seën dit: God sien dat sy hele skepping goed is. God het die ganse heelal innig lief.

Soms verstaan ons so min van God, maar ons kan voortgaan in die vertroue dat God wil hê dat ons gelukkig moet wees. Hy verwelkom almal, sonder enige voorwaardes. God is die bron van gasvryheid.

Meer nog, deur Christus het God so ver gegaan as om een van ons te word, sodat Hy die mensdom na Hom kon trek en ons kon verwelkom. Hierdie gasvryheid wat God jeens ons openbaar, ontroer ons tot in die diepte van ons siele. God se oorvloedige gasvryheid strek ver verby alle menslike beperkings.

- Word ons oorweldig deur die gevare van ons tyd? Maak dit ons moedeloos? Laat ons in ’n gees van verwondering optree en ons hoop lewend hou. Laat ons met oë van verwondering om ons kyk. Laat ons alles wat bewonderenswaardig is, raaksien.
- Laat ons, alleen, of saam met mekaar, die Bybel lees. Begin met die Evangelies wat die verhaal van Jesus se lewe vertel. Dalk verstaan ons nie alles tegelyk nie. Soms sal ons nodig hê om meer uit te vind. Deur saam na die Bybel te gaan, soos na ’n fontein met lewende water, sal ons vertroue in God sterker word.

*Die seun wat die huis verlaat het, het toe opgestaan en na sy pa gegaan. Hy was nog ver weg, toe het sy pa hom al gesien. Hy het hom innig jammer gekry, na hom gehardloop, hom om die nek geval en hom gesoen.* - Lukas 15:20

Wat leer hierdie gelykenis ons oor God se gasvryheid? Lees Lukas 15:11-32.

TWEEDE VOORSTEL

**WEES BEWUS VAN JESUS SE TEENWOORDIGHEID IN ONS LEWENS**

God bied gasvryheid aan ons, maar dit is deur ons vrye keuse dat ons ware gemeenskap met Hom gaan ervaar.

Jesus toon ons dat God liefde is, en Hy bied ons sy vriendskap aan. Jesus staan nederig by ons deur en klop. Soos 'n arme hoop en wag Hy op ons gasvrye reaksie. As iemand vir Hom die deur oopmaak, sal Hy by hom of haar ingaan.

Deur 'n eenvoudige gebed gee ons Hom toegang tot ons harte. Dan, terwyl ons skaars van sy teenwoordigheid bewus is, kom woon Hy binne ons.

- Om in 'n kerk te bid, selfs vir slegs 'n oomblik, om tyd opsy te sit, in die aand of in die oggend, met geen ander doel as om ons dag aan God toe te vertrou nie – hierdie is dinge wat ons geleidelik van binne af opbou. Om aan Jesus se teenwoordigheid te dink, bevry ons van ons vrese – die vrees vir ander, die vrees dat ons nie goed genoeg is nie, kwelling in die aangesig van 'n onsekere toekoms.
- Wanneer ons nie baie tyd het nie, kan ons met Jesus oor onsself en oor ander praat – oor hulle wat naby is en oor hulle wat ver is – in slegs 'n paar woorde, soos in 'n fluistering. Ons kan Hom vertel wat in ons binneste aangaan en wat ons nie altyd verstaan nie. 'n Paar woorde uit die Bybel kan ook deur die dag by ons bly.

Die opgestane Jesus het gesê:

*"Kyk, Ek staan by die deur en Ek klop. As iemand my stem hoor en die deur oopmaak, sal Ek by hom ingaan en saam met hom die feesmaal hou, en hy saam met My."* – Openbaring 3:20

Wat help my om Jesus te hoor?

Wat beteken dit vir my om die deur vir Hom oop te maak?

DERDE VOORSTEL

**ONS GAWES EN TALENTE, OOK ONS BEPERKINGE, WORD VERWELKOM**

God verwelkom alles in ons. Op ons beurt kan ons onsself aanvaar net soos ons is. Dit is die begin van 'n helingsproses wat so noodsaaklik vir elkeen van ons is.

Laat ons God vir ons gawes loof. Laat ons ook ons swakhede verwelkom as 'n deur waardeur God ons binnekom. Om ons verder te lei, om ons te help om ons lewens te verander, wil God hê dat ons eers teenoor onsself verwelkomend moet wees.

Aanvaarding van ons beperkinge maak ons nie passief in die aangesig van ongeregtighede, geweld en die uitbuiting van mense nie. Inteendeel, aanvaarding van ons beperkinge kan ons die krag gee om, met 'n versoende hart, die stryd aan te pak.

Die Heilige Gees, 'n vuur wat in die dieptes van ons wese gesetel is, transformeer geleidelik alles in en om ons wat teen lewe gekant is.

- Ten einde ons gawes en talente te ontdek en ons beperkinge te aanvaar, laat ons iemand opsoek wat goedhartig na ons kan luister, iemand wat ons help om in lewe en in geloof te groei.
- Dit is noodsaaklik om in ons gebed ruimte te maak vir lofprysing. Dit verenig ons lewensbestaan. Gebed wat saam gesing word, is onvervangbaar en daarna hou dit aan resoneer in ons harte.

*"Kom na My toe, almal wat uitgeput en oorlaai is, en Ek sal julle rus gee. Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus kry vir julle gemoed. My juk is sag en my las is lig."* – Matteus 11:28-30

Van watter las en watter rus praat Jesus?

Wat kan ek van Hom leer?

VIERDE VOORSTEL

**VIND IN DIE KERK 'N PLEK VAN VRIENDSKAP**

Om ons vertroue in God met ander te deel, het ons plekke nodig waar ons nie net 'n paar goeie vriende vind nie, maar waar ons 'n vriendskap uitleef wat ruim genoeg is om mense wat anders as ons is, in te sluit.

Gemeentes en plaaslike gemeenskappe bring verskillende generasies, en mense van 'n verskeidenheid sosiale en kulturele agtergronde, bymekaar. Dáár is nou 'n skat van vriendskap, wat soms te min ontdek en verken word, 'n geleentheid waarvan goed gebruik gemaak behoort te word.

As elke plaaslike gemeente maar soos 'n verwelkomende familie kon wees, waar ons onsself kan wees, met ons twyfel en ons vrae, sonder die vrees om geoordeel te word …

Die kerk word gevind waar ookal die wind van die Heilige Gees waai, waar ookal die vriendskap van Jesus Christus uitstraal. In sommige suidelike lande is daar klein, eenvoudige christengemeenskappe wat, in hul buurt of dorp, vêrreikende opofferings vir ander maak. Kan hulle 'n bron van inspirasie in ander lande wees?

- Dit is goed om gereeld in klein groepies saam te kom vir gebed en samesyn, maar laat ons ook die bestaan van die groter christelike gemeenskap in ons stad of dorp ondersteun. Kan ons klein groepie byvoorbeeld aandag skenk aan húlle wat Sondae na die erediens kom, maar niemand daar ken nie?
- Jesus wil almal wat Hom liefhet, al sy volgelinge, in een gemeenskap saamsnoer, 'n samesyn wat kerkgenootskaplike verbintenisse oorskry. Gemeenskaplike gasvryheid is 'n weg na eenheid. Kan ons nie diegene rondom ons, wat hul geloof op ander wyses uitdruk, meer dikwels nooi om saam met ons te aanbid nie?

*By die kruis van Jesus het ook nog sy moeder en sy moeder se suster en Maria, die vrou van Klopas, en Maria Magdalena gestaan. Toe Jesus sy moeder sien en die dissipel vir wie Hy baie lief was, wat by haar staan, sê Hy vir haar:*

*"Daar is u seun."*

*Daarna sê Hy vir die dissipel:*
*"Daar is jou moeder."*
*Van daardie oomblik af het die dissipel haar in sy huis geneem.* – Johannes 19:25-27

Aan die voet van die kruis is 'n nuwe familie uit Jesus se wens gebore.
Hoe kan ons vandag as susters en broers leef?

VYFDE VOORSTEL

**BEOEFEN OORVLOEDIGE GASVRYHEID**

God se gasvryheid aan ons is 'n wekroep. Kan ons ander ontvang, nie soos ons wil hê hulle moet wees nie, maar soos hulle is? Kan ons onsself deur hulle laat verwelkom op húlle manier en nie op óns s'n nie?

- Laat ons vroue en mans van verwelkoming word, laat ons die tyd neem om na iemand te luister, laat ons mense na 'n maaltyd uitnooi, laat ons 'n behoeftige persoon opsoek en laat ons liefdevolle woorde hê vir die mense wie ons ontmoet …
- Laat ons, in die aangesig van die groot uitdaging wat migrasie stel, na maniere kyk waarop gasvryheid 'n geleentheid kan word, nie net vir hulle wat verwelkom word nie, maar ook vir hulle wat verwelkom. Persoonlike ontmoetings is onmisbaar. Ons kan byvoorbeeld luister na die verhaal van 'n migrant of 'n vlugteling. Die ontmoeting van mense van ander plekke sal ons ook help om ons eie herkoms beter te verstaan en ons eie identiteit te verdiep.
- Ons moet vir die aarde sorg. Hierdie wonderlike planeet is ons gemeenskaplike tuiste. Laat ons dit bewoonbaar hou, ook vir die komende geslagte. Dit is belangrik om oor ons leefstyle te besin en dit te hersien, om alles wat ons kan te doen om die sinnelose uitbuiting van bronne, die verskeie vorme van besoedeling en die agteruitgang van biodiversiteit, te beveg. Wanneer ons in solidariteit met die hele skepping staan, sal ons die vreugde ontdek wat uit hierdie standpunt voortvloei.

Jesus het vertel:

*"… 'Dit verseker Ek julle:*
*Vir sovêr julle dit aan een van die geringste van hierdie broers van My gedoen het,*
*het julle dit aan My gedoen.' "* – Matteus 25:40

*"Deur my voorbeeld het ek in elke opsig vir julle gewys dat ons hard moet werk sodat ons die armes kan help. Onthou die woorde van die Here Jesus. Hy het self gesê: Om te gee, maak 'n mens gelukkiger as om te ontvang."* – Handelinge 20:35

Wanneer het ek ervaar dat, om te gee, geluk bring?
Is ek daarvan bewus dat ek ook nodig het om iets van ander te ontvang?

# DIE PELGRIMSTOG VAN VERTROUE IN 2019

## By Taizé

**Elke week regdeur die jaar**

Van Sondag tot Sondag, internasionale vergaderings vir jong volwassenes.

**Naweek van vriendskap tussen jong Christene en Moslems**

*Van Donderdag 22 Augustus tot Sondag 25 Augustus*

Bespreking van ons verhouding met God, ons manier van bid, die vind van woorde wat aandui wat ons verenig, en waar ons van mekaar verskil.

**Week van oordenking vir diegene tussen 18 en 35**

*Van Sondag 25 Augustus tot Sondag 1 September*

Oordenking en groepbespreking, werkswinkels gelei deur aanbieders uit baie verskillende lande. Diegene wat wil, kan 'n spesiale program volg wat toegewy word aan die uitdagings ten opsigte van die omgewing en klimaatsverandering.

## In Beirut

**Internasionale ekumeniese jong volwassenes vergadering**

*Van Vrydag 22 Maart tot Dinsdag 26 Maart*

Die Kerke van Libanon en die Midde Oosterse Raad van Kerke bied die eerste jong volwassenes vergadering wat deur Taizé in Libanon gereël is, aan.

## In Kaapstad

**Volgende Afrika fase van die pelgrimstog van vertroue**

*Van Woensdag 25 September tot Sondag 29 September*

Die jongmense van suidelike Afrika en verder word genooi om saam te getuig en hul geloof te vier.

## Volgende Europese jong volwassenes vergadering

*Van Saterdag 28 Desember 2019 tot Woensdag 1 Januarie 2020*

Die plek van die 42ste Europese vergadering sal in Madrid aangekondig word.

*Inligting oor hierdie verskillende vergaderings:*

www.taize.fr @taize